

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus se lyding, kruisiging en dood is die wyse waarop die Vader en Seun mekaar as God verheerlik. Dit is nie die wyse waarop hulle mekaar verneder oor ons sondigheid nie. Wat die Vader en Seun vir mekaar doen, doen hulle in hul liede vir mekaar. God het Homself lief en sluit ons in in die liefde wat Hy vir Homself het. God maak nooit liefdesverklarings waarvan ons uitgesluit is nie of liefdesverklarings oor ons terwyl Hy in Homself oor ons verdeeld en grimmig is nie. God laat ons leef in die rus van die liefde wat Hy vir Homself het. Hy ontwig ons nie met liefdesverklarings terwyl Hy Homself oor ons self verinnuweer en verneder nie.

Skriflesing 2 Sam. 7: 11 b – 14, 16; Johannes 17: 1 – 26.

Teks Joh. 17: 26 “sodat die liefde waarmee U my liefgehad het, in hulle kan wees, en ek in hulle.”

Tema God het ons lief soos Hy Homself lief het

1. Leef ons geborge of ontsteld, rustig of ontwig?

Leef ons in die geborgenheid van God wat Homself lief het en Homself verheerlik of leef ons in die ontwigting van 'n God wat onervuld is en verheerlik moet word om heerlik te wees?

Vandat ons gebore word, word aanmekaar vir ons gesê: God het jou lief!”, “Jy is vir God spesiaal”, “God gee om vir jou” en “Jesus is lief vir jou”. Ons hoor altyd en aanhoudend dat God sy liefde teenoor ons verklaar!

Die vreemde van hierdie liefdesverklaring van God is dat dit aan jou verklaar word sodat jy moet agterkom dat jy nie deel is van hierdie liefde wat oor jou uitgespreek word nie. Want dit word só uitgespreek – God is lief vir jou en het 'n wonderlike plan met jou lewe, maar jy is nog nie deel van sy liefde en plan nie, want jy het nog nie erken hoe sleg en verwerplik jy is nie. Eers as jy jou eie slegtheid en verwerplikheid erken, kan jy deel van sy liefde word.

Dit is egter ook nog nie genoeg om net jou eie slegtheid te erken nie want jy moet ook dan besef dat dit jou skuld is dat God sy geliefde Seun moes laat ly, gekruisig laat word en laat sterf het. Wanneer jy aanvaar dat dit jou skuld is, moet jy God in in lewe innooi en 'n persoonlike verhouding met hom begin, dan sal jy deel van God se liefde word.

Hoe laat hierdie verklaarde liefde wat oor u uitgespreek word u voel: geborge of ontsteld, rustig of ontwig?

God het jou lief, maar jy is nie deel daarvan nie voor jy nie erken dat jy so sleg is dat jy die rede was dat God sy geliefde Seun vir jou moes opoffer nie?

Hierdie liefdesverklaring ontstel en ontwig 'n mens in die diepste van jou menswees!

God het ons lief soos Hy Homself lief het

2. Wat is fout met hierdie liefdesverklarings van God wat in die Naam van Jesus Christus oor ons uitgespreek word?

Dit is soos ouers wat kinders die hele tyd verseker hoe lief hulle vir hulle as kinders is, maar ma en pa id die hele tyd vir mekaar kwaad is en met besig om met mekaar te baklei oor wat die kinders doen.

Jy as kind moet hoor hoe kla die pa die ma aan oor “haar kind” en hoe die ma pleit vir “hulle kind” en as hulle met mekaar klaar is, dan kom vertel hulle hoe lief is hulle vir jou!

Wat is fout met hierdie liefdesverklarings van ouers? Dit klink só! Julle is al twee vir my lief, maar ek maak dat julle met mekaar baklei, vir mekaar kwaad is, mekaar verinneweer en verneder, en dan moet ek met julle saambly as kind omdat julle my so baie lief het!

Hoe kan ek in 'n liefde leef waarin julle mekaar oor my verwyt en verinneweer? Hoe kan julle my lief hê as julle mekaar nie kan lief hê oor my nie? Hoe kan julle my lief hê as ek en my wangedrag die rede is dat julle mekaar só verneder? As julle mekaar oor my en my wangedrag só verneder, hoe is dit moontlik dat julle dan vir my kan vertel hoe lief julle vir my is?

Hierdie tipe liefdesverklarings van ouers aan kinders, ontstel en ontwig kinders so in wie en wat hulle as kinders is, dat hulle nie meer kinders wil wees nie. Want alles wat hulle as kinders is, maak dat hul ouers mekaar verneder!

Die diepste ontwrigting in 'n kind se kindwees is om te hoor hoe lief sy of haar ouers vir hulle is, maar te moet weet dat hulle wangedrag die rede is vir die ouers se vernedering van mekaar.

Kom ons luister nou weer dat die liefdesverklarings oor God waarna ons elke dag moet luister: “God het jou lief, maar jy moet eers erken dat jy sleg is en dat jy die oorsaak is dat God sy Seun vir jou moes verneder het! Dankie, maar nee dankie. In hierdie God wat Homself oor My só moet verneder en daarna vir my kom vertel oor hoe lief is Hy vir my, gaan my vir die res van my lewe in ontsteltenis en ontwrigting laat leef.

4. Kom ons kyk of ons die evangelie vanoggend anders kan hoor as in hierdie liefdesverklarings wat al die geestelikes van hierdie wêreld met innigheid en venyn oor ons uitspreek.

Die werklike vraag oor God se liefde gaan nie oor hoe Hy ons lief het nie maar oor hoe Hy Homself lief het. Hoe lief God Homself het, sien ons in die liefde van God ei Vader en Seun vir mekaar. Volgens die Dawidsbelofte in 2 Sam. 7 openbaar Jesus Christus Homself as God die Seun van God die Vader.

Hoe lyk hierdie liefde van God die Vader en Seun vir mekaar?

God die Vader en God die Seun verheerlik mekaar! Dit is hoe Jesus sy gebed tot God die Vader inlei: Vader die uur het aangebreek. Verheerlik U Seun, sodat die

God het ons lief soos Hy Homself lief het

Seun U kan verheerlik. ... Ek het U op die aarde heerlik ... Vader, verheerlik My by U met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voor die wêreld bestaan het.” Joh. 17: 1, 5.

Waarvan praat die Here Jesus as Hy praat van verheerliking? Hy praat van sy lyding, kruisiging en dood! Die die Seun God die Vader verheerlik en deur sy lyding, kruisiging en dood. Die manier waarop die Vader die Seun verheerlik is om Hom uit die dood op te wek en as Here te laat regeer aan sy regterhand deur wat Hy met sy lyding, kruisiging en dood bewerk het. Christus se lyding, kruisiging en dood, is hoe die Vader en Seun mekaar liefhet, want dit is hoe hulle mekaar verheerlik.

Christus se lyding, kruisiging en dood kan nooit iets wees waardeur die Vader sy Seun verneder of waardeur die Seun Homself voor die Vader verneder nie. Dit kan ook nooit iets wees wat die Seun doen om die Vader se woede teenoor hom te paai nie. Dit is hoe die Vader en Seun mekaar lief het en verheerlik.

5. God die Vader en Seun se liefde vir mekaar is dat hulle vir mekaar sondaars aan mekaar wy om aan hulle as kinders te behoort. Dit word só gestel: “Hulle het aan U behoort en U het hulle aan My gegee, ... en alles wat myne is behoort aan U en wat aan U behoort is myne”. 15: 6, 10.

Die Vader gee nie vir sy Seun sondaars met wie Hy ontevrede is om hulle reg te kry nie, nog minder gee die Seun vir die Vader kinders wat nie reeds aan die Vader behoort het nie. In God is daar nie iets soos die Vader wat sê : Jy is myne teenoor die Seun of die Seun wat sê: “Jy is myne nie”, nog minder : Hierdie is joune, hy of sy is nie myne nie.” Die Vader en Seun se liefde vir mekaar is dat hulle hul kinders aan mekaar toewy.

Die liefde tussen die Vader en Seun is dat die Vader sy werk aan sy Seun opdra en die Seun sy werk voltooi. Joh. 17: 4, 7. Die Vader dra niks van sy werk aan sy kinders op nie, net aan sy Seun en die Seun los niks vir die kinders om te doen nie. Hy voltooi vir die Vader alles sodat hul kinders die ewige lewe met die Vader en Seun kan hê . Die Vader en Seun gee en voltooi hul werk vir en met mekaar sonder hul kinders dat hul kinders geen werk kry of doen nie, maar net die ewige lewe ontvang waarin hul die Vader en Seun kan as die waaragtige God wat alles vir hulle doen. Só het die Vader en Seun mekaar lief!

6. Die Vader en Seun heilig en bewaar hul kinders vir mekaar se liefde. Christus roep die Vader aan as “Heilige Vader” (17: 11) en verklaar dat Hy as Seun Homself as Seun heilig sodat hul kinders geheilig kan wees. God se heiligheid kondig Johannes in 1 Joh. 4:8 “God is liefde”. God is heilig want God is liefde. Christus heilig Homself beteken dat sy liefde vir die Vader en sy kinders, is sy lyding, kruisiging en dood.

Dit is nie hoe hy homself verneder nie, maar heilig. Sy lyding, kruisiging en dood is sy liefde wat Hy aan die Vader en sy kinders toewy. En daarom kan niks hierdie kinders uit of die Vader of die Seun se hand ruk nie. Die Vader en Seun bewaar hul kinders in hul liefde.

God het ons lief soos Hy Homself lief het

Daarom verklaar die Here dat die liefde waarmee die Vader sy Seun lief het, is die liefde waarin ons as kinders van God ingesluit is (17: 26). Die Vader het ons net so lief soos Hy die Seun het. (17: 23) en die Seun soos Hy sy Vader lief het. Daarom verklaar die Here, “my Vader sal hom lief hê en Ek sal hom liefhê en Myself aan hom bekend maak.” (14: 21)

Ingesluit en deel van die liefde van die Vader vir sy Seun en die liefde van die Seun vir sy Vader, dit is ons eenheid met die Here: “dat almal een kan wees, net soos U Vader, in My is en Ek in U, en dat hulle ook in Ons kan wees.” (Joh. 17: 21)

7. Geborge in die liefde wat God vir Homself het! Geborge in die liefde van die Vader vir die Seun en die Seun vir die Vader!

Dit is hoe ons die enigste ware God ken en sy seun wat Hy vir ons gestuur het. Jesus Christus.

Kan ons ooit in hierdie liefde van die Vader en Seun vir mekaar ooit dink dat ons sondes die oorsaak van die Here sy lyding en dood is? Dit kan nie! Die Seun se lyding en dood was die Vader se besluit en opdrag, net Hy is die bron van die Seun se werk, nie ons nie, op geen manier nie.

Verneder of die Vader die Seun of die Seun Homself in sy lyding, kruisiging en dood oor ons sondes? Die Vader en Seun verneder mekaar nie oor ons sondes nie. Hulle verheerlik mekaar om alles te doen wat ons in hulle liefde insluit. Daar is geen innerlike onvergenoegdheid, wrewel, spanning, stryd of spanning tussen die Vader en Seun oor wie ons is of wat ons doen nie.

Nie of die Vader of die Seun gee vir ons werk om ons in hulle liefde te heilig nie. Die Vader gee aan die Seun sy werk en die Seun doen sy werk vir die Vader om ons in hulle liefde te heilig.

Ons verheerlik nie óf die Seun óf die Vader nie. Hulle verheerlik mekaar en hul self in ons! Ons maak en laat nie óf die Seun óf Vader Here wees nie. Hulle verheerlik mekaar deur vir mekaar Vader en Seun in liefde te wees, en hulle verheerlik ons deur ons in te sluit in die liefde wat hulle vir mekaar as Vader en Seun het.

Dit is ons geborgenheid! God die Vader en Seun wie mekaar liefhet en verheerlik en ons verheerlik deur ons as sondears in hul liefde vir mekaar in te sluit en te heilig. Geborgenheid wat só klink in die woorde van 1 Joh. 4: 16: “Ons ken en vertrou die Liefde wat God vir ons het.”

8. Waar en hoe raak hierdie geborgenheid die liefde wat God vir Homself het vir ons vandag verlore, 'n liefde wat ons kan ken en vertrou?

Dit gaan verlore in die tipe liefdesverklarings wat elke geestelike oor ons uitspreek: “God het jou lief en het 'n plan met jou lewe!” Dit gaan verlore in wat alles hierdie geestelike ghoeroes aan jou vertel wat jy moet doen om deel te wees van hierdie verklaarde liefde waarin jy nog nie deel nie.

God het ons lief soos Hy Homself lief het

Kom ons kyk en vergelyk hierdie eise wat aan ons gestel word met die verhouding tussen die Vader en Seun in 2 Sam. 7 en Johannes 17.

Die eerste stel eise klink gewoonlik só: “Jy moet Jesus in jou lewe innooi deur Hom koning van jou lewe te maak, op die troon van jou hart te sit en Hom die middelpunt van jou lewe te maak! Wie doen dit met wie in die Messias-belofte? Dit is die Vader wat dit vir en met sy Seun doen. Die Vader maak sy Seun koning (2 Sam. 7: 12, 16) en die Vader gee aan sy Seun ’n troon. (2 Sam. 7: 13, 16). Die Vader maak sy Seun Here van sy volk. (2 Sam. 7: 11) In die woorde van die Here in Johannes: die Vader en Seun verheerlik mekaar in die liefde tussen hulle as Vader en Seun!

In die liefdesverklaring wat geestelike ghoeroes oor ons uitspreek, verander hulle die verheerliking van die Vader en Seun en maak dit wat die Vader vir sy Seun doen nou ons werk: Ons moet Jesus koning van ons lewe maak en op die troon van ons hart sit. Os moet die Seun verheerlik soos die Vader die Seun verheerlik!

Net so! Wie bou God se kerk deur die werk wat Hy doen? Dit is die Seun wat vir die Vader sy tempel, sy kerk bou deur die werk wat Hy as Seun doen. (2 Sam. 7: 13) In die woorde van Christus, Hy gee ons aan die Vader en heilig ons vir die Vader se liefde, en dit doen Hy deur homself te verheerlik met sy lyding, kruisiging en dood.

Wat verklaar die geestelike ghoeroes van hierdie wêreld wat moet ons doen? Hulle verklaar elkeen moet sy eie lyf vir God ’n tempel maak deur jou hart, lewe en belange aan God as offer op te offer. Hulle eis dat jy vir die Vader moet doen wat die Seun vir Vader doen!

9. As jy doen wat hulle jou vertel om in God se liefde te deel, waar is jy?

Jy het jouself binne God gestel om vir die Vader te doen wat sy Seun vir Hom doen, en vir die Seun te doen wat die Vader vir Hom doen. Jy maak asof jy die Seun en Vader verheerlik!

Hoekom?

Want jy maak met jou sondes dat die Vader en Seun mekaar verneder, net soos ’n man en vrou mekaar oor hul kinders se wangedrag verneder! Die teksvers waarmee hierdie verwrongenheid in God verkondig word is Romeine 8: “Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.” Hulle preek ’n Christus wat by ’n grimmige, verwyttende en onvergenoegde Vader moet soebat om tog maar weer sy kinders genadig te wees en lief te hê!

Hy pleit vir jou, maar jy moet ook net weet dat jou sondes die oorsaak is dat die Vader sy Seun vir jou moes verneder het. Hulle verneder mekaar oor jou wangedrag: die Vader verneder Homself deur sy Seun te moet verneder en sy Seun verneder Homself deur vir jou te moet soebat, en hulle doen dit met mekaar omdat Hulle jou lief het.

Hierdie is die Bose waarvan die Vader en Seun ons bewaar soos Christus dit bid vir sy kerk. Dit is boos om die verheerliking van die Vader en Seun, voor te hou as hulle vernedering. Dit is Boos om die wyse waarop die Vader en Seun ons in hulle volle

God het ons lief soos Hy Homself lief het

liefde insluit voor te hou as 'n liefde waarby ons nog uitgesluit is en dit is Boos om die wyse waarop die Vader en Seun ons heilig vir hul liefde ons skuldig te maak. Kan daar iets meer ontstellend en ontwrigtend wees as die wete dat God die Vader en Seun mekaar altyd oor my wangedrag verneder omdat hulle my lief het?

Vir elke verkeerde ding wat jy doen of is moet jy elke keer weer hoor: Nou verneder Jesus Homself om daarvoor by 'n grimmige Vader te pleit, 'n Vader wat Homself verneder het om sy Seun oor jou wangedrag te moes verinneweer.

'n Lewe in ontsteltenis en ontwrigting deur God se liefde vir jou, is die werk van die Bose, nie die liefde waarin die Vader en Seun ons insluit nie.

Dit is hoekom jy moet doen wat hulle vir jou sê: vir die Vader moet jy doen wat sy Seun vir Hom moes doen, 'n tempel gee om in te bly met jou hart en lewe as offer, en vir die Seun moet jy doen wat sy Vader vir Hom moes doen, jy moet Hom koning maak en op 'n troon sit, want jy leef in die ontwrigting van 'n god wat met homself baklei oor wie en wat jy is.

10 Wat doen kinders wat moet leef in die ontsteltenis en ontwrigting dat hulle hul pa en ma mekaar laat verinneweer en verneder of hul kinders se wangedrag?

Hierdie hartseer speel elke dag in gesinne af!

Wat doen 'n seun as hy sien sy pa het sy ma oor sy wangedrag verinneweer en verneder? Hy gaan na die ma toe en probeer as seun instaan vir die liefde wat sy van haar man moes kry. Hy troos, ondersteun en bederf omdat hy voel hy het gemaak dat haar man haar verinneweer.

Hy staan in vir die grimmige pa!

Wat doen 'n dogter met haar pa, wanneer sy sien hoe haar ma hom oor haar wangedrag verniel en verneder het? Sy doen dieselfde. Sy maak vir hom iets lekkers om te eet en te drink en staan só in vir die ma wat grimmig is.

Kinders wat binne die verhouding van ouers inkom en instaan vir die liefde van die man vir sy vrou of die vrou vir haar man, omdat kinders voel hulle is die rede vir hoekom hulle mekaar só verneder!

Kinders wat in die intimiteit van man en vrou vir mekaar instaan om weer vrede tussen hulle te probeer bewerk. Kinders wat ouers met mekaar probeer versoen deur in hulle eenheid as man en vrou in te staan.

Besef u waar wil geestelikes hê u en ek moet gaan instaan wanneer hulle vir ons vertel vir die Vader moet jy jou liggaam 'n tempel maak met die offers van jou hart en lewe en vir die Seun moet jy koning maak en op die troon van jou hart sit in jou lewe?

Ons moet in God vrede probeer skep en die Vader met sy Seun probeer versoen, en die rede hiervoor is omdat ons wangedrag, ons sondes maak dat hulle met mekaar

God het ons lief soos Hy Homself lief het

grimmig is en mekaar verneder deur afsydig te wees en by mekaar te moet pleit voor alles weer met hulle reg is.

11. Ons kan nooit skuldig wees vir die lyding, kruisiging en dood van die Seun van God nie.

Dit is mos totaal absurd! Ons is skuldig vir ons sondes, nie vir wat die Here doen om ons van ons sondes te reinig nie.

Christus pleit vir ons, beteken Hy staan in vir wie en wat ons nie kan wees voor God se wet nie, omdat dit is hoe die Vader en Seun mekaar liefhet: om hulle kinders te verheerlik in hulle liefde, vry van sondeskuld en sondestraf! Dit beteken nooit 'n gesoebat van 'n Seun wat Hom teenoor die Vader moet verneder nie!

Ons kan nooit skuldig wees vir die lyding, kruisiging en dood van die Here Jesus nie, want ons is nie die oorsaak vir wat Hy gedoen het nie. Die Vader het hom die opdrag gegee om dit te doen omdat dit is hoe die Vader en Seun mekaar as God verheerlik – om ons as sondaar in te sluit in hulle liefde vir mekaar.

Ons kan nooit skuldig wees vir enige grimmigheid van God die Vader teenoor God die Seun oor ons en ons sondes nie, want daar is nie so iets in God oor ons as sy kinders nie.

Ons word nie ingesluit in die Vader en Seun wat met mekaar grimmig is en mekaar oor ons verneder nie, maar in die Vader en Seun wat een in liefde is en alles wat hulle doen, doen om ons in die liefde wat hulle vir mekaar het in te sluit: Die Vader in die Seun en die Seun in die Vader en ons in hulle!

12. Wat skep God in ons en waartoe verbind God ons deur ons in te sluit in die liefde wat die Vader en Seun vir mekaar het?

Wanneer 'n man en vrou mekaar lief het en nie die kinders misbruik om in te staan vir die afwesige liefde van die man vir dy vrou of die vrou vir haar man nie, wat skep dit in kinders?

Geborgenheid en rustigheid! Die Geborgenheid om rustig net 'n kind in die liefde van jou ouers te wees. Dit is die inhoud van die stelling wat Johannes maak in 1 Joh. 4: 16 Ons ken en vertrou die liefde wat God vir ons het" want dit is die liefde wat die Vader en Seun vir mekaar het en mekaar mee verheerlik.

Kinders wat die geborgenheid die liefde van god ken en vertrou en daarom besig is met dit waarmee kinders besig moet wees – liefde vir God.

Dit is die enigste opdrag wat die Here Jesus vir sy dissipels gee – om lief te hê, omdat hy en die Vader alles wat hulle moet doen om ons aan hulle liefde te heilig uit hulle self en van self doen vir mekaar. Hulle verheerlik mekaar in hul liefde vir mekaar. Ons staan vir niks in by of die Vader of die Seun vir ons sondes nie.

Dit is die Vader en Seun se heerlikheid om ons vir hulle liefde as hul kinders te heilig.

God het ons lief soos Hy Homself lief het

13. Die absurditeit en verwrongenheid van hierdie liefdes wat geestelikes oor ons uitroep waar ons vir die Vader ons lywe sy tempel moet maak met ons selfopoffering en vir Jesus moet koning maak, is boos! Dit is die boosheid van 'n valse Christus en 'n afgod!

Wat leer kinders wat in die intimiteit van 'n man en vrou met hul kinderlike liefdes moet instaan om vrede tussen grimmige ouers te bring?

Om met grootmens dinge en die intimiteite van grootmense besig te wees!

Wat verleer hulle? Om net kinders te wees wat net besig is waarmee kinders besig moet wees!

Kan u sien hoekom ons in 'n Christelikheid ingetrek word waar mense met die krag, die mag, die lewe, die Naam, die wil, die planne drome van God besig is, en nie meer net mense is wat mekaar lief het nie?

Want ons leef in 'n intimiteit met God waar daar nie plek vir 'n mens is nie, tussen die Vader en die Seun! En dit bring nie geborgenheid en rus in ons menswees nie maar ontstel en ontwrig ons in die menswees.

Hoe gedra sulke ontwrigte kinders hulle tussen ander kinders? Soos grootmense! Hulle is tussen kinders met grootmens dinge besig en so is die intimiteit met God die rede vir al hulle losbandigheid en sedeloosheid onder kinders – kinders wat geleer het om besig te wees met grootmens dinge: die krag van God, die lewe van god, die droom van God, die plan van God en die voorsienigheid van God!

Afgodsdienste waar jy binne in God god met homself moet gelukkig hou, is hoe mense geregverdig te word om sedeloos tussen mense te wees: mense wat tussen mense met goddelikheid leef.

Kom ons hoor en ontdek weer die evangelie – God het ons lief met die liefde wat Hy vir Homself het! Dit is ons geborgenheid en rus wat ons tot liefde verbind.